Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

1 November 2020

OGGENDDIENS: Ds Piet

Sielkundiges en navorsers wat ondersoek instel na die impak van die pandemie op die psige van die mens, praat ook van ‘n tweede golf. Maar hulle verwys dan nie na ‘n golf van virusbesmetting nie, maar na ‘n golf van sielkundige probleme waarmee mense worstel en wat ‘n geweldige impak op ons samelewing maak.

Een van die worteloorsake van hierdie “sielkundige” golf is die geweldige onsekerheid wat die pandemie op baie vlakke van mense se lewens te weeg gebring het. Kernstrukture (bv. gesinslewe en verhoudings, werksroetine, finansiële stabiliteit en hulpbronne) van mense se lewens is deur die pandemie omvergegooi, verander en negatief beïnvloed.

Die omvang en langdurige aard van hierdie onsekerheid bewerk by mense ‘n fisieke en psigiese ongemak wat dan deur verskillende breinprosesse daartoe lei dat mense - meestal onbewustelik - in ‘n “oorlewings”-modus gaan wat jou op ‘n sekere manier laat optree.

Dis waarom ons samelewing tans ‘n “lugleegte” belewe. Mense wil nie beweeg of risiko’s neem of betrokke raak by die algemene gang van die samelewing nie! En dit gaan in die eerste plek nie om die vrees vir virusbesmetting nie, maar as ‘n reaksie op die onsekerheid waardeur ek my fokus plaas net op eie oorlewing.

Hoe moet onsself uit hierdie greep van “onsekerheid” losmaak om weer ‘n funksionele en roepingsvervullende lewe te leef? Deur te fokus op God! God as die vaste grond onder ons voete! God is die anker in die storm, die skuilplek teen gevaar! Sielkundiges leer ons dat wanneer die brein voortdurend geprikkel word met positiewe en vaste waarhede, dan inisieer die brein nuwe prosesse om ons uit die “oorlewingsmodus” na ‘n funksionele lewenspatroon te lei.

Kom luister hoe mooi roep die Here vanmôre na ons in Psalm 46: 11 : Bedaar! Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies en hoog bo die aarde!”
God is die vaste punt in ons lewe. Hy is nie onderworpe aan die onsekerhede van ons wêreld nie! Inteendeel - Hy bring dit tot rus in ons! Daarom antwoord die digter in vers 12 op die Here se stem en sê: “Die Here, die Almagtige is by ons, die God van Jakob is vir ons ‘n beskutting”.

Met hierdie waarheid moet ons elke dag bewustelik omgaan en dit vir onsself deur die Heilige Gees toe-eien sodat ons nie deur die tweede golf psigies en geestelik oorweldig word nie.

Tema: Te midde van ‘n “pandemielewe” vol onsekerheid en angs, roep God ons om met

kalm geloofsvertroue in Hom as enigste vaste Anker te lewe.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 188:1, 3 en Lied 509: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 1-6: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied Ps 46-1: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: Sing Sb 12-3: 1, 2;

Verootmoedigingsdiens
Wet: Fokus op Eerste Gebod. HK Sondag 34, vr 94 en 95; Sing Ps 47-1: 1, 4; Gebed;

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 46
Fokusverse: Psalm 46 : 11 - 12
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Sing Ps. 46-1: 6; Gebed; Sing Ps 48-1: 4, 5; Seën; Amenlied Sb 13-2.

KLEINGROEPBEDIENING VANAAND

Soos deur groepe gereël. Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar waarby lidmate welkom is om in te skakel:

- 17:00 Groep 25 onder leiding van prof. Naas Ferreira.
- 18:00 Groep 35/ jong volwassenes saam met Erasmus Venter
- 18:00 Groep 32, br Pieter Potgieter

November 2020: Ons bid saam

Filippense 4:6 "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in <u>ALLES</u> julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."

Ons dank en loof die Here in besonder ook:

➔ Dankie vir Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Oos!

➔ Dankie ds. Piet wat voorloop as geestelike leier en Rieëtte wat hom ondersteun in alles!

➔ Dankie aan ds Pieter van der Walt, Erasmus Venter, elke ouderling, diaken, kleingroepleier of geestelike leier wat ons lei met voorbeeld en gebed.

➔ Elke kategeet wat die kinders voorgaan in katkisasie.

➔ Ons koster, Dawie van Zyl en Adele Delport (administratiewe beampte)

➔ Ons dank die Here vir die werkers soos Paul en Liesbet!

➔ Dankie vir elkeen wat saam bid en intree in gebed!

➔ Laat ons deur ons dade en woorde lof en eer aan ons Koning, Jesus Christus, bring!

Ons vra voorbidding:

★ Vir elkeen om selfondersoek te doen en nederig voor die Here te word.

★ Laat elkeen die koningsheerskappy van Christus erken en nie die uitkoms by mense soek nie.

★ Bid vir die owerheid in hierdie belangrike saak, om in verantwoordelikheid voor God op te tree.

★ Bid vir 'n goeie reënseisoen, sodat daar genoeg kos en werk sal wees vir alle mense in die land.

★ Die kerk in gehoorsaamheid aan God, ons lig in besonder sal uitstraal in hierdie tyd met liefde en omgee vir alle mense en in besonder vir die mense in nood, sodat die triomf van die evangelie eindeloos sal wees.

★ Ons die Here dank vir die bewaring wat die kerk ontvang het en die seëning van 'n hoë herstelpersentasie onder mense wat die virus opgedoen het.

★ Bid vir die beplanning en die uitvoer van die Kersmark en laat ons gedagtes en dade gefokus wees om Jesus Christus te eer! KERSFEES gaan oor HOM!

Ons deel graag gebedsverhorings – stuur dit asb na my (Elsie -072 449 1982).

MEELEWING

- Marnus Laufs (Groep 28 – 67 375 1775) het die afgelope tyd twee operasies ondergaan en sterk tuis aan.
- Dirk Bloem (Groep 27 – 083 644 6180) het Donderdag ‘n operasie ondergaan en sterk aan in Medikliniek.
- Johan Coetzee (Groep 25 - 061 336 7255) ondergaan eerskomende Donderdag sy eerste lensvervanging.
- Tobiana Willemse (Groep 11 – 072 380 8615) het verlede week Vrydagnag ‘n ligte beroerte gehad en die naweek in die hospitaal deurgebring. Dit gaan beter met haar - sy was die afgelope week by haar dogter in Pretoria.
- Elma Leienaar (Groep 25 – 082 398 2874) is nog nie heeltemal gesond en sterk na haar operasie nie en sterk tuis aan.
- Baie geluk aan Ansie Bezuidenhout (Groep 3 – 072 360 8036) met die geboorte van haar eerste kleinkind.
- Baie geluk aan Zara Bezuidenhout (Groep 3 – 072 360 8036) en Anchen Schutte (Groep 19 – 063 656 3660) wat op Laerskool Mooirivier se leerlingraad verkies is.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS GROET

Zanè Labuschagne wat met attestaat vertrek na GK Rustenburg-Wes.

ONS VRA VOORBIDDING VIR LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Lana Labuschagne, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Joe Coetzee en Annatjie Duvenage.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlings te tref.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag op Facebook en YouTube
(nie intyds)
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Selfhelp sap
Groepbediening

Maandag
Skole heropen
18:00 Kersmark

Dinsdag
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie graad 8
18:30 Kassierediensgroep

Woensdag
17:15 Katkisasie graad 10
18:00 Katkisasie graad 9

Donderdag
18:30 Ouderlingevergadering Blokke A en B
19:30 Ouderlinge vergadering Blokke C en D

Saterdag
16:30 Bybelstudie: Klipdrif (afsluiting)

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 1 November
Br Renier Lourens **(77)** 082 968 8964

Maandag, 2 November
Br Carl Quass **(74)** 082 335 8215
Br Erasmus Venter 076 090 4459

Dinsdag, 3 November

Br Frans du Preez 082 834 2120

Woensdag, 4 November
Jbr Carlo Kloppers
Br Krause vd Walt **(70)** 082 788 5910
Sr Naetta v Zyl 082 781 1167

Donderdag, 5 November
Br Pieter Minnaar 074 571 6950
Sr Rolene vd Walt 082 859 6209

Saterdag, 7 November
Br Christiaan Burger 082 824 4882

KERSMARK: 23 NOV – 5 DES

Mooirivier Kersmark

Oor 3 weke hou ons Kersmark vir 12 dae lank!

Ons het u hulp baie nodig as:
Kassiere (Carina Coetsee - 078 011 2050)
Toesighouers (Susan Lourens - 073 898 0181)
Kombuis/kelners (Ina Jordaan - 082 375 7666)
Buffettafel (Christa Bloem - 082 376 9412)
Opsit van plakkate (Yolandi Haasbroek – 083 628 7136)
Dekor in sale (Hestie J v Rensburg – 072 383 9510)
Borgskappe/donasies (Erika Kruger – 082 428 7386)
Kontak asb die persoon verantwoordelik hiervoor, indien jy kan help!

DAAR IS OOK HULPLYSTE IN DIE VOORPORTAAL OP VEILIGE AFSTAND UIT MEKAAR GEPLAAS - VUL ASB JOU NAAM IN WAAR JY DIE JAAR KAN HELP!

Ons het veral ons gemeente se gebede nodig om van hierdie projek ‘n sukses te maak - hierby kan elkeen, oud of jonk betrokke wees!

Ons benodig die volgende items om te leen/skenk tydens die kersmark:

LEEN:
Mikrogolfoond
Vierkantige (1m x1m) plastiese tafels
Staanwaaiers

SKENK:
Batterye (AA)
A4-Papier

DIENELKANDER: BORGE

Indien besighede belangstel om as borg op te tree in die Dienelkander, kan julle Adele by die kerkkantoor gerus kontak asb. Borgskap beloop R295 per uitgawe.

ALMANAK 2021

Die Almanak 2021 kan weer bestel word @ R90 elk. Bestellings sluit 20 Oktober. Skryf asb u naam op die lys in die voorportaal.

NOOD IN DIE BOESMANLAND – KOM ONS HELP!

Mense verskil nogal oor waar die Boesmanland begin en waar dit eindig, maar vir ons doel is dit die stuk aarde van die Noord-Kaap wat suid van Upington lê. Die dorpe Kenhardt, Brandvlei, en Loeriesfontein langs die R27 vorm die “ruggraat” daarvan. Wes strek dit so ver soos Springbok en Oos strek dit tot by Carnarvon, Vosburg en Copperton. **Hierdie deel van ons land het agt jaar laas reën gehad**. Die blommegebied, wat verder wes lê, het vanjaar goeie reën gehad, maar Boesmanland steeds niks. Daar is niks behalwe swartgebrande klippe en ’n paar bossies oor in hierdie eens wonderlike skaapwêreld nie. En natuurlik ’n paar vasbyt mense wat daar ’n lewe moet maak en wat geen ander heenkome het nie.

Die TV-program “Prontuit” (kanaal 147) het die fokus laat val op die vroue van die boere in hierdie dorre landstreek. Gaan kyk gerus daarna. (Gaan na YouTube en soek vir

“Prontuit-Droogte in die Boesmanland”/Seg 1). Dit is hierdie vroue wat hulle mans moet regop hou en wat eerder nog twee sakke voer vir die skape sal koop as om vir hulleself “n roompie by die apteek te koop”. Ek en Ina was so aangegryp deur die nood van daardie mense dat ons besluit het om, op ons klein manier, iets te probeer doen vir daardie vroue.

Ons het die saak na ons kleingroepie (Groep 32) geneem om te hoor of daar ander gelowiges is wat ook sou wou help. Die gevolg was dat die Groep besluit het om dit ’n projek van die Groep te maak en om by ander groepe en individue in die gemeente te hoor of daar nog mense is wat sou wou meedoen, want die nood is inderdaad groot.

In breë trekke sal die projek soos volg werk:

1. Elke kleingroep of wyk of individu wat wil saamwerk kry ’n boks van dieselfde grootte wat kan toemaak en pak die items wat moet gaan daarin.
Sien die lys van voorgestelde items hieronder.

2. Wanneer ek en Ina einde November met ons jaarlikse vakansie gaan, neem ons ál die bokse saam in ’n sluitbare sleepwa (wat iemand in die gemeente asseblief vir my moet leen) en gaan lewer dit af by ons skakelpersoon op Loeriesfontein, Alwyn Muller. Hy is ’n prokureur op Loeriesfontein en ook Voorsitter van die NG Kerk se kerkraad en van die kerkraad se Barmhartigheidsdiens Kommissie. Hy ken meeste van die boere in Boesmanland persoonlik en hy is deeglik ingelig oor die toestande op die plase. Hy het aangebied dat hy en sy vrou sal sorg dat die bokse afgelewer word by die vroue wat dit die nodigste het.

3. Kleingroepe en wyke en individue wat wil deelneem aan die projek kan my skakel by 082 451 0762 of by pieter.potgieter@safricom.co.za

4. Enige raad of wenke wat kan help met die suksesvolle uitvoering van die hulpprojek sal waardeer word.

Hartlike groete, Pieter Potgieter

DIE SUSTERS HET ONDERNEEM OM OOK BETROKKE TE RAAK BY DIE PROJEK

Groepe word versoek om ook elkeen ‘n boks te pak, individue is ook welkom om ‘n boks te pak of ‘n bydra te gee vir ‘n boks. **Leë toemaakbokse van dieselfde grootte is by die kerkkantoor beskikbaar** en sal ons dit merk met eenvormige plakkers.

LYS VAN VOORGESTELDE ITEMS VIR DIE BOESMANLAND HULPPROJEK - ENIGE ANDER ITEMS VOLGENDE EIE KEUSE IS GOED.

Die situasie in die Boesmanland is sodanig dat die mense geen geld het om enige normale lewensmiddele aan te koop nie. Enige geld wat hulle het, word gebruik om hulle diere aan die lewe te hou. Enige iets wat geld kos om aan te skaf, is dus méér as welkom. Hier is ‘n lys van items wat kleingroepe, wyke en individue kan gebruik om hulle kartonne (wat by die kerkkantoor beskikbaar is) mee te pak. Elke kleingroep kan self besluit watter items uit die lys of ander items hulle gaan gebruik.
Die afsnydatum vir die indiening van die bokse is Vrydag 20 November by die kerkkantoor.

1. **Spesiaal vir die vroue: kosmetiese- en toiletware**
   - Bad- en stortseep (“bodywash”)
   - Handewasseep (toiletseep)
   - Sjampoe
   - Handeroom en lyfroom
   - Waslap
   - Gesiglappies (bv Dove se “cotton

wool pads")
- Gesigskoonmaakroom
- "Micellar water" (vir gesig skoonmaak en om "make-up" af te haal
- "Tissues"
- Voetskuurder ('n "scrub" of skuurpapier-tipe)
- Lugverfrisser ("toilet spray")
- "Lipice"
- Hand "sanitiser"
- "Waterless handcleaner"

2. Kombuisware en huisgoed

- Kookolie
- Koffie/Cappuccino
- Tee: Ceylon/Rooibos/Camomile
- Langlewemelk
- Poeiermelk
- Kondensmelk
- Kitspoeding
- Ingelegde vrugte
- Jellie
- Langlewe-vla
- Vlapoeier
- Gouestroop
- Grondboontjiebotter
- Heuning
- Koekmeel/bruismeel/broodmeel
- Kitssuurdeeg/bakpoeier/koeksoda
- Weet-bix/Hawermout/Pro-Nutro
- Vadoeke
- Pleister en Panado
- Speserye/kruie (bv braaivleis-speserye, Ina Paarman, ens)
- 'n Tydskrif

3. Spesiale bederfgoed

Die meeste boere het êrens 'n kind/kinders in 'n koshuis. Hulle het niks om vir die kinders saam te gee of te stuur na die koshuis toe nie. Almal weet hoe hongerig kan 'n "koshuisbrak" wees!

- Aanmaakkoeldrank
- Koekies – enige soort
- "Marshmallows"
- Ander lekkers – enigiets wat nie kan smelt nie
- 'n Spesiale konfyt
- Droëvrugterolle /droë vrugte

4. Vir die manne (maak asseblief 'n aparte pakkie/sakkie gemerk "Vir hom"

- Skeerroom
- Mans stortseep
- Skoenpolitoer: swart/bruin

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Die Kerkblad en Vroueblad is beskikbaar in die Skuur - slegs vir lidmate wat daarop ingeteken is.

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang
• Ds JC van Dyk (Jannes) van GK Ventersdorp na GK Potchefstroom
• Ds PF Venter (Peter) van GK Vanderbijlpark Trinitas na GK Hoëveld

ALGEMENE INLIGTING:

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoontoepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir **Emeritusfonds.**
Spesiale bydraes vir die **Noodfonds om boere** by te staan kan ook vandag in die Diakonie se houer geplaas word.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer: 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:
Facebookblad: Gereformeerde Kerk Potch-Oos, vir videos van preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 076 090 4459
Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Sanet Ras Prokureurs

OPSTEL VAN TESTAMENTE.

BEREDDERING VAN BOEDELS.

ALLE EIENDOMSTRANSAKSIES.

Van Riebeeckstraat 101, Potchefstroom
Tel: (018) 294-8953 k/u

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Teeskinkgeleentheid

Ons het vandag selfhelp sap en water na die oggenddiens.
Baie dankie aan die groepsusters en susters wat vandag help opruim: Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naude en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.

Potch-Oos Sustersafsluiting: 10 November

Liewe Suster, Hestie en Blok A se groepsusters nooi jou na ons Sustersafsluiting, Dinsdag 10 November om 18:30. Ons gaan heerlik saam kuier en lekker Kersliedere sing. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal of bevestig by die kerkkantoor as jy kan bywoon.